**Kollekte** gaan by die deure vir **Thusofonds**
en volgende week **Jeugsorg**
Verlede week se kollekte was
**DVB. 3754**
**GKSA Sustentasie R 1532**

### TRUTH PROJECT

dr. Braam bied 'n DVD-kursus aan getiteld: "The Truth Project. Elke DVD-vertoning is ongeveer een uur. Dit bied meer 'vaste geestelike kos', en beloof om werklik interessant te wees. Enigeen wat belangstel is baie welkom om dit te kom bywoon. Dit vind plaas elke Maandagaand (vanaf 19 Julie) om 19:00 in die kerkhuis.

Vandag na die oggenddiens word die eerste les in die kerkhuis weer aangebied vir diegene wat dit gemis het en nog wil aansluit

### VETKOEKE

Geen smse gaan meer uitgestuur word vir vetkoek bestellings nie.
As jy 'n Vrydag vetkoek wil eet, bestel net deur te SMS of te bel voor Donderdag 4 uur vir **Elma** 011 849 3206 of 082 647 8948 **Ina** 011 849 5005 of 084 339 1136 en kom haal tussen 5 en 6 uur by die kerk.
As jy enige ander dae vetkoek wil hê bestel net 'n dag voor die tyd ook by Elma. Dit kan jy by haar huis afhaal.
As daar vetkoeke met vleis gemaak word en of ander eetdingetjies sal daar 'n sms uitgestuur word.
Fondse gaan nog steeds vir Kerkhuis, sal later vir Nuwe Kombuis gebruik word .

### BEROEPE ONTVANG

Ds JAT van Blerk van die .. Presbyterian Church of ....America na Graaff-Reinet.

### Polsslag inligting

Inligting wat in die Polsslag geplaas moet word, moet asb. voor Donderdagmiddag 12:00 vm. Na polsslag@gkbenoni.co.za gestuur word. Inligting kan ook direk aan Gusta gestuur word na 083 383 2605 of faks na 011 849 6063.

### BANKBESONDERHEDE VIR BYDRAES

Alle bydraes kan in die onderstaande rekening inbetaal word. **Merk duidelik by besonderhede u volle naam en doel**. Lidmate word aangemoedig om van die aftrekorder sisteem gebruik te maak. U bydrae word dan outomaties op die 1ste van elke maand van u rekening verhaal.

***Gereformeerde Kerk Benoni***
***Absa Bank***
***Tjek nr. 220 340 333***

**KOEVERT KERKBYDRAES en Bank en Internet betalings**

**Skryf naam of regte voorletters neer soos ons jou op kerkregister het.**
**As 'n Pa en seun dieselfde name het teken net aan van wie die bydrae kom Snr. of Jnr.**

**Ons het regtig baie dieselfde Vanne in die gemeente en ouers en kinders met dieselfde name**

**Sit ASSEBLIEF jou REGTE VOORLETTERS neer soos wat ons jou op die KERKREGISTER het , en wyk nr. of ouderling se naam**
**Die MAN se naam is voldoende want die bydrae word by die huisgesin geplaas.**
**Ons wil graag die regte bydrae by die regte gesin plaas**

**Dankie Ina Bolt**



### Sustershoekie:

Aandag alle susters! Na 'n lang rustyd het die susters weer 'n bestuur bymekaar gekry en vind ons eerste aksie reeds die 28 Augustus 2010 plaas. Dit sal die vorm aanneem van 'n oggendtee met mode en sang! Hou die hoekie dop vir verdere besonderhede. Merk solank die datum in jou dagboek sodat jy dit nie misloop nie!

## 7de Laners hou konsert ten bate van Actonville

Die Actonville-wyk 16 bied op Vrydag 6 Augustus van 19:00 af 'n opwindende sangaand aan. Romeo du Toit tree as gaskunstenaar op en twee bekende akteurs van die gewilde sepie, 7de laan kom ook die gaste vermaak. Kaartjies kos R50 vir volwassenes en R25 vir kinders. Kaartjies is by Erika Buma of Donsie Krüger beskikbaar. Die inkomste uit die aksie sal aangewend word om die Actonville-kerkgebou op te knap en 'n kamer vir die kleuters daar in te rig. Verversings sal tydens pouse te koop beskikbaar wees.

### Hulp aan Jeugkommissie

Daar word 'n beroep gedoen op veral die ouers van die jeug om betrokke te raak, en hulp te verleen aan die jeugkommissie. Kontak asb vir Braam 082 459 5636 as jy 'n vrywilliger is.

## 20's something kleingroep

Hierdie week begin ons met 'n nuwe reeks , **boundaries**, almal wat belangstel is welkom om by ons inteskakel. Ons kom woensdagaand 19:00 by die kerkhuis bymekaar.

## Op die Program:

**Maandag**:The Truth Project
Bybelstudie Rynpark 5, 9:30
**Dinsdag**: Bybelstudie 6:30 en 7:30
**Woensdag**: 20-Something 19:00
**Donderdag**: Gebedsgroep 19:30
**Vrydag**: Bybelstudie 9:00

### Bybelvasvra - Soek die vers

Verlede Sondag
(25 Julie 2010)se antwoord :
Gen 6: 22 **"Noag het alles gedoen presies soos God hom beveel het."**
Gen 7:5 Het dieselfde woorde, net die WOORD "presies" is uitgelaat
Die volgende lesers het gesoek en gevind:

Ruan Steyn
Andre Bakker
Fanie Gouws
Elma Jansen
Dorene Smit (2 tekste)
Betsie du Preez
Betsie Coetzee
Judy Greyling

### SELFOON NOMMERS EN ADRESSE

**As jy 'n SELFOON besit veral ons jeug kom gee jou nr vir INA BOLT of as jy 'n NUWE SEL gekry het laat weet my ook**
**As jy GEEN huis telefoon meer besit laat weet INA asseblief**
**As jy verhuis na u nuwe adres, gee dit asb. deur vir INA**

**My inligting waarheen jy dit kan stuur is in POLSLAG of MUURALMANAK of WEBWERF of GEREFORMEERDE KERKALMANAK**
**Jy is welkom om dit SONDAG by DIE KERK aan my te gee.**

| Notas<br>Oggenddiens 9:00 | Notas<br>Eietydsediens 17:00 | Notas<br>Aanddiens 18:30 |
|---|---|---|
| **Teksgedeelte**:<br>Johannes 12:12-33<br><br>**Teksvers:**<br>Johannes 12:24<br><br>**Tema:**<br>Klim uit die spens! | **Skriflesing:**<br><br>**Teks:**<br><br>**Tema**: | **Lees**:<br>Psalm 103:6-13,<br>Matteus 7:7-12,<br><br>**HK** 9<br>**Teks**:<br>Psalm 103:13,<br>Matteus 7:11<br><br>**Tema**:<br>Vader en kind |

**Bybelvasvra Sê wie? – Die Bybel sê .....**

"Hy het sy ???????? in sy hand, en Hy sal sy dorsvloer skoonmaak. Die Koring sal Hy in sy skuur bymekaarbring, maar die kaf sal Hy met onblusbare vuur verbrand" Wat het Hy in sy hand?
Lees gerus die boek Lukas en SMS jou Naam & Van en wat Hy in sy hand het, en die plek in die Bybel waar hierdie vers staan na **0828733173** as jy die antwoord gevind het.

# DOPPERJEUG

Baie geluk aan al ons maats wat in hierdie week verjaar

2 Aug **ANDY KATZ** 011 422 3582
5 Aug **MARNI BAKKER** 011 425 3029

**Die Kidsgames** is Vrydag die 6de om 17:30 tot 19:00.

Kom kyk hoe lyk ons splinter nuwe kamer,
dit is waar ons gaan bymekaar kom,
dan help jy ons gerus om hom te versier.
SIEN JULLE DAAR!!!

**Die tiener Bybelstudie het verander**: Ons sal van nou af elke tweede week na die Boek Handelinge kyk, hierdie week sal ons of 'n debat of 'n geestelike "Movie" kyk, enige iemand met voorstelle vir 'n dvd wat ons kan kyk, wat nie te lank is nie kan asb Herman laat weet.


# POLSSLAG

Gereformeerde Kerk Benoni
Miles Sharpstraat 24b
Rynfield, Benoni
www.gkbenoni.co.za
polsslag@gkbenoni.co.za

**1 Augustus 2010**


**Welkom:**
**Hartlik welkom aan al die gaste en besoekers, wat vandag se erediens bywoon. Indien u 'n nuwe intrekker is, meld asb. by een van die predikante, Braam Krüger of Sarel v.d.Walt aan, of kontak vir Ina Bolt (084 993 1136) of Gusta Botes (083 383 2605)**

**Dienstye:**
**Oggenddiens: 09:00**
**Eietydsediens: 17:00**
**Aanddiens: 18:30**
**Diensbeurte:**
**Hierdie week: wyke 23,24,25,26**
**Volgende week: wyke 27,28,29,30**

## Verjaarsdae

Baie geluk aan almal wat in die komende week verjaar.

1 Aug JUDY GREYLING 0728260060
1 Aug RIA VENTER 0825577198
2 Aug MARISCA VAN VUUREN 0832299259
**3 Aug TOM STEVENS 011 849 9876
4 Aug HEIDI GREYLING 0827110942
5 Aug WALTER BUMA 0824492850
6 Aug CASPER BATEMAN 011 816 2720
6 Aug MARKO YSSEL 0828041541
*7 Aug ADRI GOEDE 0823505865
7 Aug BRAAM KRÜGER 0824595636
7 Aug HANNELIE POTGIETER 0842345654

Ter aprobasie word **Johan Ligthelm** voorgehou as ouderling

## LIEF EN LEED

Aan al ons broers en susters
Wymie du Plessis doen altyd baie moeite om ons op hoogte te hou van lief en leed in die GKSA. In besonder ook haar passie vir ons emeriti. Maar min van ons weet van haar vreugdes en trane.
Haar suster, Tineke, is afgelope Saterdag oorlede en die begrafnis is eerskomende Saterdag in Potchefstroom
Aan Wymie en haar gesin betuig ons ons innige meegevoel en dra haar aan God ons Vader op dat Hy deur sy Gees hulle ryklik sal vertroos.
Carel

Gemeenskap opgesê met GKB. Bewys van lidmaatskap aangestuur na NGK Kemptonpark Oos van Alwyn Prinsloo, Zelda Prinsloo en twee dooplidmate , Alwyn Prinsloo enMegan Prinsloo

Attestaat ontvang van Mariza Beukes van die Gereformeerde Kerk Nigel


GEREFORMEERDE KERK BENONI

Dr. Braam Krüger – 011 849 9253 – 082 459 5636 braam@gkbenoni.co.za
Dr Sarel v.d. Walt – 082 920 1601 – sarel@gkbenoni.co.za
Herman Kloppers – 073 408 2226 – herman@gkbenoni.co.za

**BEGROTING**

Die kerkraad het die begroting vir die nuwe boekjaar op sy vergadering bespreek. Ons is dankbaar vir die seënende hand van die Here selfs in moeilike ekonomiese lands-omstandighede.

Die vorige boekjaar Julie 2009 – Jun 2010 word afgesluit met ’n tekort van omtrent R 85 000. Dit kan gedek word uit ’n klein opgehoopte fonds wat ontstaan het toe die twee gemeentes een geword het in Julie 2009.
Nadat alle behoeftes van kommissies en diensgroepe asook die bedryfsuitgawes in ag geneem is, is daar ’n nuwe begroting opgestel.

Ons is dankbaar dat daar verskeie aksies en uitreike is wat beplan word – dit is tekenend van ’n gemeente wat sy roeping uitleef. Hierdie voorlopige begroting toon egter ’n tekort van omtrent R 285 000 vir die komende boekjaar.

Die kerkraad het daarom besluit om die begroting net voorlopig te aanvaar as ’n riglyn, en terug te verwys na die beheerkommissie. Die beheerkommissie moet gesprekke voer met almal wat begrotingbehoeftes het en die tekort probeer verklein deur besnoeiings waar moontlik. Die kommissie moet ook aan die kerkraad maniere voorstel om die tekort heeltemal uit te wis deur verhoogde bydraes en ander maniere.

Die begroting word dan op die volgende breë vergadering weer ingedien vir besluitneming.

Die kerkraad doen ook ’n beroep op lidmate wat in die vermoë is, om spesifieke sake finansieel te ondersteun.

Dit het verder uit die verslag geblyk dat daar ’n beduidende persentasie van lidmate is wat glad nie bydra nie, en ook ’n groot persentasie lidmate wat moontlik nie na vermoë bydra nie.

Die kerkraad doen ’n ernstige beroep op elke lidmaat om te bepaal of sy dankoffer tekenend is van die genade wat die Here in sy lewe gee en ook op elke lidmaat om dit biddend te oorweeg om sy bydrae aan te pas.

Die hele gemeente word gevra om in hulle gebede te dink aan die werk wat in en deur die gemeente gedoen word.

## AFKONDIGINGS

Die kerkraad het ook besluit dat van die afkondigings tydens die opneem van die kollekte tydens die diens op die skerm vertoon sal word. Dit word gedoen vir ’n twee maande proeftydperk, om te kyk of dit die tyd bestee aan afkondigings voor die diens kan inkort asook om kommunikasie te verbeter.



## VANAF DIE KERKRAADTAFEL.

**NAGMAALSVIERING:**
Die kerkraad het op sy vergadering van 28 Julie besluite geneem oor die wyse van die viering van die nagmaal. Daar was in die verlede verskeie maniere van viering ondersoek en uitprobeer, en die kerkraad wil graag op een metode besluit, sodat lidmate kan gewoond raak aan ’n spesifieke manier van bediening, sodat daar nie ’n gevoel van onsekerheid sal wees by lidmate wanneer dit kom by die gebruik van nagmaal nie. Dit moet ook binne die riglyne van die Bybel en kerkverband gevier word, wat sekere simboliese handelinge sowel as ordelikheid insluit.
**Die kerkraad het besluit**:
Op die verhoog word ’n tafel gedek, soos ons ken, waar die nagmaal, wat die wyn betref, bedien word in beide die beker en die kelkies. Lidmate wat graag wil aansit aan ’n tafel/beker wil gebruik, moet dus asseblief by die tafel kom aansit. AS dit nodig is, sal meer as een tafel bedien word.

Daar word in al die banke ook nagmaal bedien – maar NET MET KELKIES wat die wyn betref. Die kelkies sal in die rye aangestuur word by die bediening van die wyn, en daar sal voorsiening gemaak word vir die bêre van die leë kelkies na die tyd.

Lidmate word herinner dat ons nie ’n “oop” nagmaalbediening het nie, dus, net belydende lidmate van die gemeente wat nie onder sensuur is nie en lidmate van ander kerke wat aansoek gedoen het en toestemming gekry het, is geregtig op die gebruik van die nagmaal.
As daar enige onduidelikheid is, kontak asseblief oudl Harry Salomons of die ander lede van die kommissie wat die ondersoek gedoen het. Die kommissie moet na die nagmaal nog ’n laaste keer verslag doen oor die effektiwiteit van die stelsel.

## VERKOOP VAN FARRARMERE GEBOUEKOMPLEKS

Die verkoop van die Farrarmere kompleks is nou afgehandel. Registrasie het plaasgevind en die geld het reeds begin inkom in die bankrekening. Die gemeente word daarop gewys dat hierdie fonds per kerkraadsbesluit aangewend moet word vir kapitale uitgawes aan geboue en eiendom, en dus nie deel uitmaak van die bedryfsbegroting van die gemeente nie. Van hierdie fonds is reeds gebruik vir die veranderings in die liturgiese ruimte (dit was voorlopig gefinansier deur rentevrye lenings deur lidmate aan die kerkraad – wat nou terugbetaal word uit die ingekome fonds). Die res van hierdie geld word in belegging gehou vir toekomstige gebruik.
Die kompleks het verkoop vir R 3 000 000. Die kerkraad het ’n tweede verband van R 700 000 aan die AGS toegestaan. Hierdie verbandbetalings word ook in die kapitale voorsieningsrekening inbetaal. Hierdie voorsieningsrekening sal dus onmiddellik ongeveer R 1 800 000 beskikbaar hê en DV mettertyd aangroei.